NUUS | SAOU | NEWS

NORTHERN CAPE | NOORD-KAAP

Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za

☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

24 Maart 2017

No: 9 van 2017

---

## 1. KABV, SASAMS en NUWE GEWIGTE VIR GR. R – 3 / *CAPS, SASAMS and NEW WEIGHTINGS FOR GR. R - 3*

1.1 Die SAOU vestig u aandag op 'n beleidsdokument van die Departement van Basiese Onderrig wat beskikbaar is op die SAOU se webwerf. Die beleidsdokument handel oor veranderde riglyne en die verandering in gewigte vir die Grondslagfase. / ***The SAOU would like to draw your attention to a policy document on the SAOU website from the DBE, released on 16 March 2017, wrt new norms for CAPS and SASAMS for the Foundation Phase.***

1.2 Om daarby oop te maak, gaan asseblief na die SAOU se webwerf en kliek op die skakel ***PROFESSIONAL & CURRICULUM***. / ***You can open the document on our website by choosing the option PROFESSIONAL & CURRICULUM.***

1.3 Rol af tot reg onder by die opskrif ***DEPARTEMENTELE OMSENDSKRYWES*** . / ***Scroll down to DEPARTMENTAL CIRCULARS***

1.4 Kliek vervolgens op die heel eerste inskrywing: ***GUIDELINES FOR STRENGTHENING CAPS***./ ***Open the very first item GUIDELINES FOR STRENGTHENING CAPS***

## 2. VERLOF EN BETALING VAN 'N PLAASVERVANGER / *LEAVE AND THE PAYMENT OF A SUBSTITUTE*

Die SAOU is bewus van die praktyk in talle skole dat onderwysers verplig word om ''iemand in hulle plek te kry'' en gevolglik ook self betaal, alvorens verlof toegestaan word. / ***The SAOU is aware of the practise in most of the schools whereby a teacher applying for leave must pay for a substiturte before leave can be granted.***

Dit is ons plig om u hierteen te waarsku en ons beveel aan dat sodanige praktyk onmiddellik gestaak word. Saam met die feit dat dit onwettig is, kan die SAOU geen lid beskerm wat

hom / haar daaraan skuldig maak nie. / ***We feel it a priority to reccommend that this practise should immediately stop. Not only is it against all laws and regulations and the SAOU can by no means protect or defend any member who is guilty of such practise.***

2.1 Ons is terdeë bewus van die feit dat skole nie sommer net plaasvervangers kan betaal nie en in die meeste gevalle het die SBL ook nie daarvoor begroot nie. Ongelukkig is dit ‘n onomstootbare feit dat geen skoolhoof of SBL van enige werknemer kan verwag om self ‘n plaasvervanger te betaal nie. / ***We are fully aware that schools cannot pay substitutes and in most cases it was not budgeted for by the SGB. Fact remains no principal or SGB may expect from an employee to pay for a substitute.***

2.2 Die SAOU doen ‘n beroep op al ons lede om nie verlof uit te buit nie en om in alle gevalle billik te wees – enersyds in die aansoek om verlof en andersyds in die toestaan, of weiering van verlof. Ons wys graag daarop dat die toestaan van verlof ‘n prerogatief is van die skoolhoof. Sou verlof egter nie toegestaan word nie, moet dit egter billik en regverdig hanteer word. / ***The SAOU would like to urge its members not to exploit leave and to be fair and just in all cases – either in applying for leave, or in the decission not to permit leave. We would like to point out that the permission for leave is the prerogative of the principal. Should an application been denied, the principal must see to it that the decission is fair and just.***

2.3 ‘n Besluit om nie verlof toe te staan nie, kan nie gegrond wees op die feit dat die ‘’skool nie geld het om ‘n plaasvervanger te betaal nie’’ / ***A decission to deny an application for leave may not be ‘’beacause the school cannot pay a substitute’’***.

## 3. SALARISVERHOGING / SALARY INCREASE

Die SAOU kan bevestig dat ‘n salarisverhoging van 7.3% met ingang van 1 April 2017 af sal intree. Die salarisaanpassing vir penioenarisse sal 6.6% wees met ingang van 1 April 2017. / ***The SAOU can confirm that the salary increase effective from 1 April 2017, will be 7.3%. The increase for pensioners will be 6.6% as from 1 April 2017.***

